education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 12**
**GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL**
**VRYSTAAT**
**NASIENRIGLYNE**

| | |
|---|---|
| **Junie 2018** | **VRAESTEL 1** |
| **PUNTE: 70** | **TYD: 2 UUR** |

**GRAAD 12 GEMEENSKAPLIKE EKSAMEN**
**VRAESTEL 1**
**VRYSTAAT - JUNIE 2018**
**NASIENRIGLYNE**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

### VRAAG 1: ARTIKEL EN VISUELE TEKS

**VRAE: TEKS A**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | "...wen die taal internasionaal al hoe meer veld en harte."✓<br>*Die kandidaat bied 'n frase aan – volsinne is nie korrek nie, behalwe as die frase uitgelig word.* | (1) |
| | | |
| 1.2 | Hartseer✓<br>Ek besef dat my voorouers so hard geveg het vir my taal, maar nou word die taal geminag en dit kwyn.✓<br>OF<br>Trots✓<br>Afrikaans word internasionaal erken/gereken✓<br>*Kandidaat bied **enige soortgelyke** antwoord aan: Een punt vir die emosie en een punt vir verduideliking.* | (2) |
| | | |
| 1.3 | Afrikaanse boeke wen die markaandeel as daar na die uitgewersbedryf gekyk word.✓<br>Internasionale uitgewers het ook tot die Afrikaanse mark toegetree.✓<br>Op amptelike vlak verskraal Afrikaans./In die howe en onderwys-instellings word Afrikaans struktureel afgetakel.✓<br>Daar is 'n gemiddelde afname van 82% oor die afgelope 10 jaar in die aantal studente wat Afrikaans as vak aan universiteite neem.✓ | (4) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.4 | Afrikaans as universiteitstaal het wel verswak, want daar is 'n | |

| | | |
|---|---|---|
| | gemiddelde afname van 82% oor die afgelope tien jaar/studente neem af by die Universiteit Stellenbosch en Universiteit van Johannesburg/. Afrikaans is besig om as wetenskap-, vak- en letterkundige taal te verskraal omdat minder studente die vak op universiteit neem.✓<br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord/voorbeeld aan vir een punt.* | (1) |
| | | |
| 1.5 | Wanpersepsie: Die voortbestaan van Afrikaans hang slegs van sy posisie in die kunste, die uitgewersbedryf en as gesproke taal af.✓<br>*Die kandidaat mag nie hierdie wanpersepsie in die ontkennende vorm skryf nie.*<br>EN<br>Prof. Schlemmer sê dat die voortbestaan ook afhang van die taal se posisie as hoëfunksietaal in veral die onderwys en regspleging/van universiteitstaal/as wetenskap-, vak- en letterkundige taal.✓<br>EN<br>Afrikaans sal as hoëfunksietaal veld verloor as dit nie meer ‘n funksie vervul in die universiteite/as wetenskapstaal/in howe nie.✓<br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan vir een punt.* | (3) |
| | | |
| 1.6 | Afrikaans is lewendig in talle ander lande.✓ Die gebruik en bestudering daarvan neem internasionaal in gewildheid toe.✓ | (2) |
| | | |
| 1.7 | Afrikaans is een van die jongste Germaanse tale ter wêreld.✓<br>Kennis van Afrikaans gee ’n mens kulturele insig in Afrika.✓<br>Vergelykende studies op taal-, letterkunde- en kultuurvlak word ook moontlik gemaak.✓ | (3) |
| | | |
| 1.8 | Afrikaans het binne ‘n rekordtyd ’n hoëfunksiestatus bereik.✓<br>Binne 25 jaar het dit aan 4 universiteite status verwerf.✓ | (2) |
| | | |
| 1.9 | Afrikaans is ’n pragtige/emosievolle taal.✓<br>Afrikaans het die mooiste klankpatrone/uitspraak.✓ | (2) |
| | | |
| 1.10 | Die artikel het juis ten doel om te bewys dat Afrikaans internasionaal vooruitstrewend is, daarom is dit juis belangrik dat die punt deur internasionale akademici bewys/onderskryf word.✓ | (1) |
| | | |
| 1.11 | Centrum voor het Afrikaans en de studie van Zuid-Afrika✓<br>Open Languages✓<br>EN<br>Doel: om Afrikaans te beskerm en uit te bou✓<br>*Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan wat daarop dui dat Afrikaans internasionaal onderrig/bevorder word.* | (2)<br><br><br><br><br>(1) |
| | | |
| 1.12 | Albei beywer hulle vir die navorsing en ontwikkeling van taaltegnologie/ taaltegnologieprodukte vir Suid-Afrikaanse tale.✓ | (1) |

| **VRAE: TEKS B** | | |
|---|---|---|
| 1.13 | Die verwydering/afskaffing van Afrikaans (aan die Universiteit van die Vrystaat).✓<br>Die taalskimme/taalkomitee wat hande klap/hulle lyftaal wat aandui dat hulle bly is/fees vier/die universiteit se Afrikaanse naam word verwyder.✓ | (2) |
| | | |
| 1.14 | Engels is juis gepas in die spotprent, want dit toon aan dat Afrikaans afgeskaf is by die universiteit/dat Afrikaans plek vir Engels as onderrigtaal by hierdie universiteit moet maak. ✓<br>*Dit is nie gepas nie, kan nie binne konteks nie as korrek aanvaar word nie.* | (1) |
| | | |

| **VRAE: TEKS A en B** | | |
|---|---|---|
| 1.15 | Die woorde en die spotprent toon aan dat Afrikaans as universiteitstaal verswak/verdwyn.✓ | (1) |
| | | |
| 1.16 | ‘n Mens verwag dat, as Afrikaans internasionaal as taal baie potensiaal het/’n opbloei beleef, sal dit ook in Suid-Afrika/plaaslik hoë status bereik, maar die spotprent beeld juis die teenoorgestelde prentjie uit.✓<br>*Kandidaat bied ‘n soortgelyke antwoord aan vir een punt. Albei dele van die ironie moet aangetoon word om die punt te verwerf.* | (1) |
| | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat die opsomming puntsgewys aanbied, word dit nagesien.

Punte word soos volg toegeken:
- 7 punte vir 7 feite (1 punt per hoofgedagte)
- 3 punte vir taal
- Puntetotaal: 10

Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat nie woordeliks aanhaal nie:
- 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
- 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
- 1–5 aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die getal woorde oorskry is, lees tot aan die einde van die sin waarin die 90 woorde voorkom en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| AANHALING UIT TEKS | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|
| ...het O'Brien betrokke geraak by die webtuiste, Open Languages, wat ten doel het om die beste Afrikaanse onderrig kosteloos aan die internasionale gemeenskap te bied. | Hy het betrokke geraak by Open Languages. |
| O'Brien het destyds besluit om Du Plessis se Afrikaanse klasse by UCLA te volg. | Hy het Du Plessis se Afrikaanse klasse by UCLA gevolg. |
| Hy het ook met behulp van 'n ander kursus aan een van die wêreldbekende Berlitz-taalskole uit boeke Afrikaans aangeleer voordat hy na Suid-Afrika gekom het. | Hy het by die Berlitz-taalskool uit boeke Afrikaans aangeleer. |
| Jacques du Plessis het Afrikaanse studiemateriaal ontwikkel vir die Brigham | Hy het die Brigham Young-universiteit se studiegidse aangekoop. |

| | |
|---|---|
| Young-universiteit (BYU) en O'Brien het ook daardie studiegidse aangekoop om hom te help. | |
| O'Brien sê voorts dat sy tyd in 'n Afrikaanse manskoshuis by Kovsies hom veral gehelp het om die taal te snap, want die Afrikaanse studente in sy koshuis het baie belanggestel in die VSA en hulle was baie behulpsaam om hom met Afrikaans te help. | Afrikaanse studente/Kovsies was hom baie behulpsaam om die taal aan te leer. |
| Aangesien Afrikaans vir hom 'n ryk en unieke taal is, probeer praat hy gereeld om gesprekke in Afrikaans te voer. | Hy probeer gereeld om gesprekke in Afrikaans te voer. |
| Om sy Afrikaans te koester lees hy kopieë van De *Kat* en *Huisgenoot* wat sy vrou maandeliks vir hom invoer. | Hy lees maandeliks *De Kat* en *Huisgenoot*. |

(63 woorde)

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

O'Brien het by *Open Languages* betrokke geraak. ✓ Hy het Du Plessis se Afrikaanse klasse by UCLA gevolg. ✓ Verder het hy ook 'n kursus by die Berlitz-taalskool gevolg waar hy uit boeke Afrikaans aangeleer het. ✓ Hy het ook die Brigham Young-universiteit se studiegidse aangekoop. ✓ Afrikaanse studente/Kovsies was hom baie behulpsaam om die taal aan te leer. ✓ Hy voer vandag nog gesprekke in Afrikaans. ✓ Voorts lees hy maandeliks *De Kat* en *Huisgeno*ot. ✓

(71 woorde)

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
  - Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | splinternuwe✓ | 2 | (1) |
| 3.2 | Afrikaanse Woordelys en Spelreëls✓ | 1 | (1) |
| 3.3 | Ons/Hulle/Ek nooi alle Afrikaanse taalpraktisyns hartlik uit om touwys gemaak te word oor die veranderinge in die nuutste, omvattende AWS.✓<br>*(Die bedrywende vorm met 'n onderwerp moet begin – kandidate moet dus hulle eie onderwerp wat binne konteks pas, invoeg.)* | 6 | (1) |
| 3.4 | praktyk✓ | 3 | (1) |
| 3.5 | opwindende✓ | 3 | (1) |
| 3.6 | Die gebruik van die aanhalingstekens is korrek aangesien dit nie werklik 'n Bybel nie.✓ | 3 | (1) |
| 3.7 | hommeltuig/googleloer✓ | 2 | (1) |
| 3.8 | vokaalreduksie/klankreduksie✓ | 2 | (1) |
| 3.9 | Mense wat elke dag met die Afrikaanse taal werk/in die Afrikaanse taal belangstel/Afrikaansonderwysers/ vertalers/taalpuriste✓<br>(*Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.*) | 3 | (1) |
| 3.10 | Dit is doeltreffend, want dit lyk asof dit 'n getikte bladsy is wat uit die tikmasjien kom/die tipografie pas by die prentjie van die tikmasjien./ Die teks ondersteun die oogmerk van die advertensie.✓<br>(*Dit is nie doeltreffend nie, kan nie binne konteks korrek wees nie.*)<br>(*Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.*) | 5 | (1) |

**[10]**

## VRAAG 4: VISUELE TEKS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | affrikaat✓ | 1 | (1) |
| 4.2 | Daar is ‘n komma na die aangesprokene in spraakborrel 1, maar ma word nie in spraakborrel 2 aangespreek nie.✓<br>(*Die **verskil** moet aangetoon word om die punt te verdien*.) | 3 | (1) |
| 4.3 | Jeremy het gesê dat Ma/**sy** ma hom **daardie dag** voor **sy** vriende in die verleentheid gestel het./Jeremy het gesê dat Ma/**sy** ma hom **daardie dag** in die verleentheid voor **sy** vriende gestel het ✓ | 3 | (1) |
| 4.4 | Wat is (die) fout <u>daarmee</u>?/Wat is daarmee fout?✓ | 2 | (1) |
| 4.5 | Dis nie wát Ma sê nie**, maar** (dit is) hóé Ma dit sê.✓<br>(*Die antwoord is verkeerd indien die kandidaat die komma uitlaat*.) | 4 | (1) |
| 4.6 | Ek het lekker koekies.✓<br>(*Kandidaat bied ‘n sin van sy eie aan waarin die het gevolg word deur ‘n direkte voorwerp*. Dit gee dus ’n antwoord op die vraag “wat?”) | 3 | (1) |
| 4.7 | Hoflik/vriendelik/ordentlik ✓ | 1 | (1) |
| 4.8 | Jeremy soek die korrekte woorde om sy ma te antwoord./Jeremy weet nie wat om sy ma te antwoord nie.✓<br>(*Die antwoord moet binne konteks van die strokiesprente gegee word*.) | 2 | (1) |
| 4.9 | Ma moet aflei dat sy nie welkom is om hom te steur as sy vriende daar is nie/dat hy baie gesteld op sy privaatheid is/dat sy hom gewoonlik in die verleentheid voor sy vriende stel. ✓<br>(*Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan*.) | 3 | (1) |
| 4.10 | Nee, sy ma probeer net vriendelik wees en hy is ondankbaar.✓<br>OF<br>Ja, Jeremy se ma het geen reg om sy privaatheid te skend nie.✓ | 5 | (1)<br>**[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | t.s.v.✓ | 2 | (1) |
| 5.2 | Dit is iemand wat ingestel is/aandring op die suiwer gebruik van ’n taal.✓ | 2 | (1) |
| 5.3 | toutologie/stapelvorm✓ | 1 | (1) |
| 5.4 | geskrewe✓ | 3 | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.5 | voorwerpsin✓ | 3 | (1) |
| 5.6 | Die taal het (mos) sy werk gedoen.✓ | 4 | (1) |
| 5.7 | Noordwes-Universiteit✓ | 1 | (1) |
| 5.8 | is✓ | 3 | (1) |
| 5.9 | Met *Google Translate* se regstreekse vertaling kan mense <u>wat ander tale praat</u> nou op jou Facebook-status reageer.✓ | 6 | (1) |
| 5.10 | Die puriste kan dus ook bly wees, **want** nou is daar geen verskoning vir swak spelling nie./Die puriste kan dus ook bly wees **aangesien**/**omdat** daar nou geen verskoning vir swak spelling is nie.<br>(*Die gebruik van die komma moet hier korrek aangewend word.)*✓ | 3 | (1) |
| | | | **[10]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | | **[30]** |
| | **GROOTTOTAAL:** | | **70** |